



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

RELIGIESTUDIES V1

FEBRUARIE/MAART 2012

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 11 bladsye.

AFDELING A**VRAAG 1 (VERPLIGTEND)**

- | | | | |
|-----|--|--------------------|-----|
| 1.1 | 1.1.1 | Ritueel | (2) |
| | 1.1.2 | Tanag | (2) |
| | 1.1.3 | Islamitiese geloof | (2) |
| | 1.1.4 | Boeddhisme | (2) |
| | 1.1.5 | Griekse | (2) |
| 1.2 | 1.2.1 | Onwaar | (2) |
| | 1.2.2 | Onwaar | (2) |
| | 1.2.3 | Waar | (2) |
| | 1.2.4 | Onwaar | (2) |
| | 1.2.5 | Waar | (2) |
| 1.3 | 1.3.1 | C | (2) |
| | 1.3.2 | A | (2) |
| | 1.3.3 | E | (2) |
| | 1.3.4 | B | (2) |
| | 1.3.5 | D | (2) |
| 1.4 | Die Vedas | | (2) |
| 1.5 | <ul style="list-style-type: none"> • Die idee van <i>ubuntu</i> kom van die gesegde 'umuntu ngumuntu ngabantu'. • Dit beteken 'n mens is 'n mens deur sy/haar verhouding met ander mense. • Die oortuiging is dat God oorspronklik mense geskep het om as 'n gemeenskap saam te lewe. | | (4) |
| 1.6 | <ul style="list-style-type: none"> • Daar word geglo dat die voorvaders deel is van die familie/gesin en die lewendige gemeenskap. • Daar word geglo dat die voorvaders deelneem aan geleenthede wat in die familie gebeur, soos geboorte en troues. • Die voorvaders beskerm die familie teen die bose en teenspoed/onheil/ongeluk. • Die lewendige lede van die familie kommunikeer met die voorvaders deur die rituele offerande. | | (6) |
| 1.7 | <ul style="list-style-type: none"> • Sekularisme is 'n geloof in die skeiding van kerk en staat. • Dit is die oortuiging dat die regering en moraliteit nie op godsdienste gebaseer moet wees nie. | | (4) |
| 1.8 | <ul style="list-style-type: none"> • Mites bevat dikwels historiese en metaforiese materiaal. • Mites is dikwels bedoel om geestelike waarhede oor te dra. • Dit is nie altyd feitelike mededelings nie. • Mites word gebruik om bv. die dood van Jesus, Muhammad, ens. te verduidelik. | | (2) |
| 1.9 | Martin Luther | | (2) |

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B**VRAAG 2**

- 2.1 2.1.1 Identiteit:
Godsdienstige identiteit is wanneer 'n gelowige identifiseer met die oortuiging en doktrines van sy/haar geloof. (4)
- 2.1.2 Eenheid:
Religieuse eenheid verwys na wanneer 'n spesifieke godsdienstgroep hulself met 'n ander godsdienst vergelyk selfs al is daar verskille binne daardie spesifieke godsdienst. (4)
- 2.1.3 Vergelykbaarheid:
In Religiestudies word godsdienste vergelyk nie om te oordeel watter een die beste of die mees korrekte is nie, maar om die ooreenkomste en verskille tussen hulle te verstaan. (4)
- 2.1.4 Verskil:
Dit is die teenoorgestelde van eendersheid. Dit beteken om anders te wees. 'n Punt waar dinge nie dieselfde is nie. In religie/godsdienst is daar verskille (selfs skerp verskille) binne 'n besondere godsdienst. (4)
- 2.1.5 Uniek:
Uniek in godsdienstige konteks impliseer meer as net verskille, maar die identifikasie van 'n kenmerk(e) wat daardie godsdienst apart hou van 'n ander een – die enigste van sy soort. (4)
- 2.2 2.2.1
- Bekering word nooit in Oosterse godsdienste beoefen nie.
 - Oosterse godsdienste beskou bekering as beledigend of aanstootlik. (4)
- 2.2.2 Opsie 1:
- Nee
 - Dit kan as beledigend/aanstootlik deur Christene in Sri Lanka beskou word.
 - Die verbanning kan as godsdienstige onverdraagsaamheid deur internasionale gemeenskappe beskou word.
 - Die verbanning kan godsdienstige konflik ontketen soos wat in ander lande soos Nigerië en die Soedan gebeur.
 - Dit kan godsdienstige geweld wat polities gemotiveerd is, ontketen.

Opsie 2:

- Ja
- Die Boeddhistiese volgelinge sal gemaklik wees met die verbanning van bekeringsaktiwiteite.
- Dit is omdat Boeddhistiese volgelinge nie noodwendig teen Christenskap is nie.
- Bekeringsaktiwiteite word as indringend en ondermynend van deur ander godsdienstige gemeenskappe beskou. (4)

- 2.2.3
- Om wetgewing wat godsdienstige vryheid en verdraagsaamheid bevorder, in te stel.
 - Om strukture in plek te hê wat godsdienstige formasies in die parlement verteenwoordig.
 - Om godsdienstige dialoog oor sosio-politieke kwessies of forums aan te moedig. (4)

- 2.2.4
- Ek stem saam met die stelling.
 - Die Handves van Menseregte in die Konstitusie van Suid-Afrika omskans godsdienstige vryheid en -verdraagsaamheid.
 - Alhoewel Christenskap in die verlede staatbeskerming geniet het, is ander godsdienste nie onderdruk of vervolg nie.
 - Suid-Afrika het nie 'n geskiedenis van godsdienstige konflik nie.
 - Daar is godsdienstige dialoog en interaksie oor sosiale kwessies, soos misdaad, MIV en Vigs in Suid-Afrika.

LET WEL: 'n Kandidaat wat 'n verskillende standpunt gee, moet op meriete gekrediteer word. (8)

- 2.3
- Hindoeïsme bestaan uit verskillende skole en tradisies wat nie in konflik met mekaar is nie.
 - Dit is omdat daar in hierdie godsdiens 'n groot mate van respek en verdraagsaamheid vir verskillende interpretasies van Hindoe-oortuiginge en -gebruike is.
 - Ten spyte van hulle verskille, deel alle Hindoes dieselfde geestelike doelwit van bevryding (moksha) van die siklus van wedergeboorte (samsara) sodat die siel (atman) een kan word met die Absolute.
 - Hindoes aanbid alle godhede binne die godsdiens op gelyke basis.
 - Die volgende skole word in Hindoeïsme geïdentifiseer:
 1. Saivism
 - Word as die oudste skool beskou.
 - Glo dat Lord Shiva die Oppergod is.
 2. Vaishnavisme
 - Hulle glo dat Lord Vishnu die Oppergod is.
 - Hy word met die oorwinning van boosheid en onkunde geassosieer.
 3. Shaktisme
 - Hulle glo in Shakti as die Oppergodin.
 - Dit is die enigste skool wat 'n godin aanbid.
 4. Smartas
 - Hierdie skool beklemtoon nie aanbidding om bevryding te bereik nie.

(10)
[50]

VRAAG 3**3.1 SEKULÊRE HUMANISME WORD AS EEN VOORBEELD GENEEM:**

- Humanisme was oorspronklik 'n godsdienstige term.
- Humanisme verwys na die filosofie van geleerdes soos Desiderarius.
- 'n Humanis in die Renaissance-tydperk was enigiemand wat die klassieke bestudeer het.
- Dit is 'n groep filosofieë wat sê dat mense nie 'n bonatuurlike wese nodig het nie.
- Humanisme was 'n beweging wat die droë Middeleeuse manier waarop daar na heilige geskrifte en tradisie gekyk is, geopponeer het.
- Sekulêre humanisme is 'n deurslaggewende mag in die kontemporêre wêreld.
- Dit is teen alle gelowe wat bonatuurlike bekragting/bevestiging van hul waardes soek.
- Demokratiese sekulêre humanisme is een goeie voorbeeld.
- Dit het sedertdien 'n sterk mag in die wêreldkultuur geword.
- Hul ideale kan teruggespoor word tot by die filosowe, wetenskaplikes en digters van klassieke Griekeland en Rome.
- Dit het in moderne tye weer sterk na vore getree met die groei van vryheid en demokrasie.
- Nuwe kultusse, soos glo in astrologie, reïnkarnasie en die mag van fisika, het gegroei a.g.v. die invloed van sekulêre humanisme.
- Sekulêre humanisme is nie 'n dogma of 'n geloof nie.
- Daar is groot meningsverskille onder sekulêre humaniste oor baie kwessies.
- Die volgende is sekulêre humanistiese beginsels:
 1. Vrye ondersoek
 2. Skeiding van kerk en staat
 3. Die ideaal van vryheid
 4. Etiek gebaseer op kritieke intelligensie
 5. Morele onderrig/opleiding
 6. Religieuse skeptisisme
 7. Rede/Redelikheid/Billikheid
 8. Wetenskap en tegnologie
 9. Evolusie
 10. Onderwys/Opleiding

(20)

- 3.2
- Mense word na die dood weer gebore.
 - Party word in hoër vorms gebore wat hulle nader bring daaraan om een te word met die goddelike.
 - Ander word weer in laer vorms gebore.
 - Diegene wat laer gebore word, het 'n meer beperkte siening van uiteindelijke realiteit.
 - Hindoeïsme is daarom uniek omdat dit die een geloofstelsel is wat 'n verduidelikende raamwerk het.

(10)

- 3.3
- Die Abrahamitiese gelowe glo in die bestaan van een God.
 - Hulle glo dat God alles geskep het.
 - Hulle glo in die lewe na die dood.
 - Hulle glo in die bestaan van engele.
 - Hulle glo ook aan die oordeelsdag.
 - Hulle het heilige geskrifte.
 - Hulle het almal hul oorsprong in dieselfde geografiese gebied.
- (10)

- 3.4
- Onderrig/Leer/Onderwys kom van die woord 'om te leer', wat beteken om kennis oor te dra.
 - In godsdiens spesifiek, beteken om te leer/onderrig om stelselmatige inligting oor die vak te gee.
 - Om te leer (Onderrig) is hoogs betekenisvol in party godsdienste en minder belangrik in ander.
 - Die woord 'om te leer' kan ook 'om te verkondig' beteken.
 - Dit oorreed iemand om iets te doen.
 - Onderwys/Onderrig is 'n normatiewe verduideliking van iets.
- (10)
[50]

VRAAG 4

- 4.1 Opsie A
- Ek stem saam.
 - Verdraagsaamheid sal van toepassing wees wanneer daar meer as een standpunt in 'n gegewe gemeenskap is.
 - Mense kan mekaar slegs verdra wanneer hulle godsdienstige gebruike verskil.
 - Dit is nie vir mense nodig om mekaar te verdra as hulle eenderse godsdienstige gebruike het nie.
 - Godsdienstverdraagsaamheid sal meer betekenisvol wees wanneer daar 'n element van respek is.
 - Dit moet gebeur al lyk ander mense se godsdienstige oortuiginge vreemd of onwaar.

Opsie B

- Ek stem nie saam nie.
 - Godsdienstverdraagsaamheid kan beteken om nie mense te probeer forseer om slegs een godsdiens te hê nie.
 - Hierdie standpunt word deur die Oosterse godsdienste gehuldig.
 - Dit is omdat die Oosterse gelowe nie bekeringsaktiwiteite beoefen nie.
 - Vir die Oosterse gelowe beteken verdraagsaamheid om alleen gelaat te word.
 - Dit kan ook beteken dat een individu aan meer as een geloof kan behoort.
- (10)

- 4.2
- Die twee terme is nou verwant aan mekaar.
 - Godsdienstvryheid word deur die regering van die dag bepaal.
 - Dit is 'n omgewing wat geskep word om vrye uitdrukking en uitoefening van godsdienstgebruike toe te laat.
 - Godsdienstverdraagsaamheid is hoofsaaklik afhanklik van die ingesteldheid van godsdienstgroepe of individue in 'n gegewe gemeenskap.
 - Dit is die aanvaarding en respek van die godsdienstige oortuiginge en gebruike van ander mense sonder enige voorvereistes.
 - Godsdienstvryheid berei goeie grond vir godsdienstverdraagsaamheid voor. (10)
- 4.3
- Godsdienstige harmonie:
 1. Godsdienstgroepe kan langs en onder mekaar bestaan sonder enige konfrontasie.
 2. Verskillende godsdienste kan groei en ontwikkel sonder enige hindernisse.
 3. Verskillende godsdienste kan gemeenskaplike nie-godsdienstige bronne/geriewe deel.
 - Godsdienstige vrede:
 1. Godsdienstige konflik sal vermy word as daar godsdienstverdraagsaamheid is.
 2. Konflik kan behoorlik aangepak word as daar godsdienstverdraagsaamheid is.
 - Intergodsdienstige dialoog:
 1. Godsdienstverdraagsaamheid berei perfekte grond vir godsdienstdialoog voor.
 2. Verskillende godsdienstgroepe kan saamkom om gemeenskaplike maatskaplike probleme of uitdagings aan te pak.
 3. Die stigting van plaaslike (Nasionale Godsdienstleierforum in Suid-Afrika) en internasionale (Wêreldkonferensie van Godsdienste vir Vrede) godsdienstige organisasies word deur godsdienstverdraagsaamheid aangemoedig. (10)
- 4.4
- Geen godsdienstharmonie.
 - Godsdienstgroepe sou nie saamwerk om gemeenskaplike maatskaplike ewels te beveg nie.
 - Maatskaplike samehorigheid sal moeilik wees as godsdienstverdraagsaamheid nie aangemoedig word nie.
 - Party godsdienstgebruike sal onderdruk word aangesien dit as onaanvaarbaar deur ander godsdienstgroepe beskou sou word.
 - Godsdienstkonflik sou plaasvind.
 - Daar sou godsdienstdiskriminasie en vooroordele wees as daar nie godsdienstverdraagsaamheid is nie. (10)

4.5 Voorbeeld 1: Islam

- Die basis vir Islam is Moslem heilige geskrifte.
- Hulle kan 'n basis in die leringe vind om in harmonie saam enigiemand te leef, en terselfdertyd hulle standpunte uitdruk.
- Hulle leer/onderrig dat alle mense deur Allah geskep is en dat almal deel van dieselfde is.
- Solank mense (van verskillende godsdienste) eerlik, geduldig en nederig is en kuisheid, liefdadigheid, goedhartigheid en regverdigheid beoefen, sal Allah vergewe en beloon.
- Islam verwerp bekering deur dwang of geweld, bv. in die Koran, Sura 2, vers 256 staan daar dat daar nie dwang in godsdiens mag wees nie.
- Islam moedig interaksie op die basis van respek en welwillendheid aan. Bv. in die Koran, Sura 16 vers 125 staan daar dat almal na die weg van jou God genooi word met wysheid en pragtige leringe.
- Islam bevorder nie geweld nie, bv. in die Koran, Sura 14, vers 34 staan daar 'Repel (evil) with what is better; then will be between whom and thee was hatred become as it were thy friend.' (Jy moet boosheid vervang met wat beter is, dan sal haat verander in vriendskap. – Vrye vertaling)

Voorbeeld 2: Boeddhisme

- Die basis vir Boeddhisme is sy lering van geweldloosheid vir lewende wesens, insluitende mense.
- Alhoewel Boeddhisme die eerste sendelinggodsdienste was wat uit Asië gekom het, het dit nog nooit oorlog gebruik om die boodskap te versprei nie.
- Dit gebruik eerder die mag van die logika om te oordeel.
- Die Agtvoudige Pad van Boeddhisme is daarop gebaseer om mense weg te laat beweeg van die ondervinding van die lewe as 'n pynlike proses.
- Verdraagsaamheid en aanvaarding van mense soos hulle is, is fundamenteel tot Boeddhisme.
- Boeddhisme neig om maatskaplike ongeregtighede met waarheidsmag te konfronteer, nie fisiese mag nie.
- Dus word bespreking eerder as gevegte beklemtoon.
- Die konsep van *ahimsa* (moet nooit kwaad aandoen nie) is belangrik in Boeddhisme.

Voorbeeld 3: Afrika Tradisionele Godsdienste

- In ATG word individualisme as onmenslik beskou.
- Die godsdiens beklemtoon die belangrikheid van die eenheid van die gemeenskap, maak nie saak watter godsdiens gevolg word nie.
- Hierdie denke word afgelei van die algemeen aanvaarde filosofie van 'ubuntu'.
- 'ubuntu' is 'n woord uit die Nguni-tale wat beteken 'n mens is 'n mens a.g.v. ander mense.
- Dit beteken dat as jy mense met bedagsaamheid en respek behandel, hulle jou ook so sal behandel.
- Dit is die bevestiging van menslike waardigheid.
- ATG se beskouing van die lewe is oop, hulle glo dat kennis die healtyd kan ontwikkel afhangende van die konteks.
- Dit maak nie saak aan watter godsdiens 'n mens behoort nie, die waarheid moet as sodanig aanvaar word.

(10)
[50]

VRAAG 5

- 5.1
- Die publikasie van die Profeet Muhammad-spotprent.
 - Die onsensitiewe wat die koerant getoon het deur die spotprent te publiseer.
 - Die onverantwoordelike wyse waarop die koerant die spotprent geplaas het. (4)
- 5.2
- Opsie 1:
- Ja.
 - Die koerant was nalatig om die spotprent te plaas.
 - Die koerant het nie hulle reg op vrye meningsuiting met hulle verpligting tot verantwoordelikheid gebalanseer nie.
 - Die Profeet Muhammad word nie in prentjies in die Islam-geloof uitgebeeld nie.
 - Dit was ondenkbaar om die spotprent in die eerste plek te plaas.
 -
- Opsie 2:
- Nee.
 - Die koerant word in 'n vrye samelewing bedryf waar die reg op vrye meningsuiting omskans is.
 - Net so het die skrywer van die brief die reg om beskermde sy mening uit te spreek.
 - Godsdienste moet nie beskerm word ten koste van vryheid van spraak en meningsuiting nie. (6)
- 5.3
- Vryheid van spraak
 1. Dit is die reg om jou standpunt oor kwessies te lug/uit te spreek.
 2. Dit kan individueel of groepe wees.
 - Vryheid van meningsuiting
 1. Dit is die reg om jou mening of standpunte uit te druk.
 2. Dit kan deur die pers of media gedoen word.
 3. Dit kan ook d.m.v. passiewe of aktiewe demonstrasies gedoen word. (4)
- 5.4
- Om sensitief te wees vir alle godsdiensteverwante kwessies.
 - Toon 'n hoë vlak van verantwoordelikheid wanneer hul vryheid van meningsuiting uitgeoefen word.
 - Hulle moes die betrokke godsdiensteowerheid oor die kwessie gekonsulteer het voordat dit gepubliseer is.
 - Koerant moet in-diepte-navorsing doen voordat enige godsdiensteverwante artikel geplaas word. (6)

5.5 Opsie 1: Apologeties

- Ons erken ontvangs van u brief waarin u besorgdheid uitspreek oor die plasing van die spotprent.
- Ons waardeer dit baie as lede van die publiek in gesprek tree met die koerant oor sake/kwessies waaroor hulle besorg is.
- Dit is egter ons gevestigde praktyk dat indien ons op die godsdienstige sensitiwiteite van enige groep sou trap, ons apologie sal aanteken.
- Ons vra dus onvoorwaardelik om verskoning dat ons die godsdiens waaraan u behoort, beledig het.
- Dit is nie ons koerant se beleid om doelbewus sensitiewe godsdienstige kwessies te vertrap nie.
- Dit is omdat ons 'n redelike groot aantal personeellede het wat godsdienstig is.
- Ons hoop dat dit nie laaste keer is wat ons konstruktiewe ingryping van u kant af sal kry nie.

Opsie 2: Verdedigend

- Ons erken ontvangs van u brief waarin u besorgdheid uitspreek oor die plasing van die spotprent.
- Ons waardeer dit baie as lede van die publiek in gesprek tree met die koerant oor sake/kwessies waaroor hulle besorg is.
- Ons wil u egter herinner dat ons in 'n moderne samelewing leef waar die reg op vryheid van spraak en vrye meningsuiting geld.
- U is net so binne u reg om u standpunt oor die kwessie te lug.
- Hierdie koerant sal met graagte u mening sonder vooroordeel of kwalifikasie plaas. (10)

5.6

- Moslems baseer hulle verdraagsaamheid en godsdiensvryheid op Moslem heilige geskrifte.
- Deesdae het Moslems 'n keuse; hulle kan 'n basis vir 'n harmonieuse lewe in die leringe van hulle geloof/godsdiens vind.
- Party Moslems leer dat alle lewende wesens deur Allah geskep is. Hulle sê dat ons almal deel is van dieselfde familie. Elke mens moet ander soos sy eie broers en susters behandel.
- Islamitiese verdraagsaamheid strek tot by alle opregte gelowiges in alle godsdienste.
- Islam verwerp bekering deur geweld of dwang. (10)

- 5.7
- Suid-Afrika is 'n konstitusionele staat waar vryheid van geloof, assosiasie en meningsuiting/spraak deur die wet beskerm word.
 - Die media is vry om hulle menings en standpunte oor enige godsdienstige groepering in Suid-Afrika uit te spreek.
 - Die media is egter verplig om verantwoordelik te wees wanneer sulke standpunte gelug word, bv.:
 1. Die media moet in ag neem of dit 'n positiewe of negatiewe dekking van godsdiens is
 2. Dit moet oorweeg of die dekking godsdienstige kwessies sensasiewekkend wil maak of nie
 3. Die media moet godsdienste se reg op die uitspraak van hul menings respekteer, net soos hulle persvryheid uitoefen
 - Godsdienste in Suid-Afrika gebruik ook die media om hulle standpunte uit te druk.
 - Daar is egter 'n paar gevalle waar godsdienste hulle sorg uitgespreek het oor die media wat onverantwoordelik was, bv. die plasing van die spotprenttekenaar Zapiro se spotprent van die Profeet Muhammad in 2010.

(10)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150